
# Die Rietfluit





**Rietfluit familiebrief** **SEPTEMBER 2005**

# 2005 Jeugjaar



**Saamstaan, ondersteuning en medewerking die resep vir jeugontwikkeling en groei.**

## Oase vir Ouers



God het jou kinders deur jou lief, en as jy nie beskikbaar is nie, hoe kan Hy hulle liefhê ? (Josh Mc Dowell)

*Om 'n volmaakte ouer te wees is nie belangrik nie, om 'n biddende ouer te wees is wel ! (Stormie Omartian)*

**Sodra julle besef dat die beeld van God in julle kind verskuil is, sal die opvoeding van jul kind sommer 'n besondere kwaliteit verkry. Julle sal daarna soek om God se beeld in jou kind navore te bring. (Johan Smit)**

Krisistye in die huis bied ideale geleenthede om aan ons kinders te illustreer dat daar op God as toevlug in benoudhede gereken kan word. (Mc Farlane)

## SENIOR LIDMAATBEDIENING



***Aandag alle lidmate van 65 jaar en ouer!***

Daar bestaan 'n Bediening in die Gemeente wat hom ten doel stel om op die volgende terreine aan die behoeftes van senior lidmate te voorsien.

**(a) Fisiese en materiële behoeftes**

Ontbreek u kragte om u liggaam te versorg? Skiet die finansies kort? Het u bystand nodig om u sake te reël? Het u vervoer nodig? Is u kruideniersware toereikend? Ens.

**(b) Geestelike behoeftes**

Het u sig so verswak dat u nie meer u Bybel kan lees nie? Het u nie meer die krag of geleentheid om die eredienste by te woon nie? Is u so swak dat u nie meer die nagmaal kan bywoon nie en wil u dit graag tuis bedien hê? Is die spesiale dienste soos Pinkster- en Oujaarsdiens vir u ongeleë en moet dit op meer gepaste tye vir u gereël word? Wil u graag geestelik besoek word? Ens.

**(c) Sosiale behoeftes**

Is u gees nog jonk en wil u graag met u tydgenote sosiaal verkeer? Wil u nog volkseie liedjies en ander saam sing? Hou u van besienswaardighede? Wil u graag opvoerings bywoon en uitstappies meemaak? Gesels u graag oor 'n koppie tee/koffie en versnaperinkies? Ens

Om in al u voorgenoemde behoeftes te voorsien, is die volgende persone aangewys om u te kom besoek en van u behoeftes te wete te kom:

| | | |
|---|---|---|
| Wyke A1(a)-6 + B1(a)-4 | - | Helga Barnard (331 0765) |
| Wyke C1-4 en 6-7 | - | Susan Labuschagne (330 3568) |
| Wyke E1-5 | - | Sophie von Brandis (331 3993) |
| Wyke: D1-7 | - | Anne Jurgens (330 2288) |
| Wyke F1-7 | - | Piet Barnard (331 0765) |
| Wyke G1-6 en I1-5 | - | Piet en Elizabeth Badenhorst (331 8088) |
| Wyke H1-5 | - | ds. Ernst Rischmüller (330 0632) |
| Wyke J1-3, K1 en K2 | - | Chris Ebersöhn (331 3100) |

Neem asb. vrymoedigheid om met die bostaande persoon te skakel by wie u wyk ingedeel is oor enige van u behoeftes soos aangedui onder (a), (b) en (c) hierbo. Ons wil sovêr moontlik dit vir u aangenaam maak in die Gemeente.

Enige persoon wat graag wil help om ons senior lidmate 'n menswaardige laaste skof in die lewe te gee, kan met die bogenoemde persone in verbinding tree om u hulp en bystand aan tebied.
*Onthou, 'n mens kan jouself nie optel nie, maar jy kan 'n ander optel! - Voorsitter Senior Lidmate-bediening*

---

## Diens van Barmhartigheid



**Brood vir Nood**

Ons wil dankie sê aan almal wat so getrou bydraes maak tot die koskas. Die koskas se voorraad is laag. Indien u kan help met nie-bederfbare produkte, bv. blikkies vleis, groete, rys, tee, koffie suiker, ens. sal dit waardeer word. Een maal 'n maand word die behoeftiges wat deur die koskas gehelp word geestelik bedien deur ds. Koos Louw wat 'n swart taal magtig is.

**Werksklas**
Dit gaan baie goed by die werksklas. Daar is nog plekke beskikbaar vir u werkers wat wil leer naaldwerk doen. U kan vir Afke Hepkema kontak by 330 1400.

**Jakaranda Kinderhuis – Huis 4**
Die huismoeder vra asb. vir blikkie skos, graanprodukte en toiletbenodigdhede. Die huis benodig ook 'n vrieskas. As u of 'n vriend een het wat nie gebruik word nie, sal dit waardeer word as u dit aan die huis kan skenk. Kontak ds. Leon Tait (331 4312 / 331 2076).

---

# BROOD VIR NOOD

*Vrydag*
*21 Oktober*

**19:00 - *Brood vir Nood funksie en optrede*** deur die kunstenaars ***Poëma & Endia*** vind plaas in die kerksaal. *Kerrie + rys / hot dogs / pannekoek / koeldrank* sal te koop wees vanaf 18:00 asook tydens pouse. ***Bespreekte*** plekke teen ***R40/ sitplek*** – kaartjies is reeds beskikbaar by die kerkkantoor (331 3531) - navrae: Sonja Jacobs (331 2318 / 082 2133 025) - maak dit 'n aand om te onthou, alles tot voordeel van Brood vir Nood, 'n CMR-projek vir die gemeenskap uit die gemeenskap.


---

**BYBELSONDAG** – dankie vir almal wat koeverte en Bybelbussies met geld vir Bybels ingegee het. Die mooi bedrag van *R4 756* is al ingekry. Almal wat nog nie kans gehad het om te gee (± R20 om 'n Bybel te subsidieer) nie, kan dit in 'n koevert gemerk "Bybels" plaas en in enige diens in die dankoffer-bordjie gooi of by die Kerkkantoor ingee.

---

**KERMIS** – Baie dankie vir almal se tyd en moeite en saamwerk. Dis darem maar 'n fees om te beleef hoe die gemeente ***saam as span*** kan werk en hoe elkeen hul gawes benut – dié een reël en organiseer, dié een ry goed aan, dié een verkoop, dié een bak of braai, dié een slaan tente op, ens. ens. ***Baie dankie*** vir elkeen se bydraes van welke aard ookal. Weet verseker dat dit raakgesien en waardeer word.

Die mooi bedrag van *R32 484* is ingekry.
*****************************************************************************************



# Sinodesitting laat harte warm klop!

Die vergadering van die Sinode van Noord-Transvaal het plaasgevind by Weesgerus te Nylstroom van 5-7 September.

Die NG kerk was die afgelope tyd voos geslaan deur venynige joernaliste en omroepers wat op elke moontlike manier die NG kerk wou bykom. In teenstelling hiermee het ons by die sinodesitting 'n totaal ander prentjie gesien van hoe dit regtig met die NG kerk gaan.

Die NG kerk, Noordelike sinode is kerngesond in die uitvoering van sy roeping en 'n wonderlike gees van samehorigheid heers onder al die leiers.

Uitstaande kenmerke van die sinode:

1. Die NG kerk het 'n duidelike visie om hoop te bring en 'n verskil te maak in die Noord-Transvaal !

2 Indrukwekkende verslae oor werk wat die sinode op verskillende terreine doen het 'n mens se hart laat warm klop.

- Werk onder UP-studente is aangrypend.
- Bediening onder ander kulture in Arcadia laat 'n mens se mond oop hang.
- Pen-aksie se werk in die middestad bring hoop vir sommer vele wat in nood verkeer.
- Werk wat onder die jeug gedoen word in die sinodale gebied is van hoogste gehalte en uiters innoverend. Wonderlike hulpmiddels en ondersteuningsdienste is beskikbaar.
- Leiding ten opsigte van bediening onder bejaardes is positief.
- Op die terrein van uitreiking (sending en evangelisasie) doen die kerk 'n reuse werk binne en buite die grense van die sinodale gebied.

3 Uitreksels uit die sinodebesluite:

**F.1.4 HOMOSEKSUALITEIT**

1. Die sinode gee geleentheid dat die tafelgroepe die saak van homoseksualiteit bespreek, gedagtes op skrif stel en dit deurgee aan die SDR.
2. Die SDR word opdrag gegee om uit hierdie gedagtes 'n dokument op te stel, wat aan die ASM en aan gemeentes deurgestuur word as bydrae tot die gesprek oor homoseksualiteit.
3. Die sinode besluit:

3.1 dat die ASM versoek word dat die gesprek oor homoseksualiteit nie deur die Algemene Sinode los van die breëre kerkverband gevoer word nie;
3.2 dat die ASM versoek word dat die verslag oor homoseksualiteit betyds beskikbaar sal wees vir insette na gesprekke binne die kerkverband;
3.3 dat die SDR, moontlik dmv 'n taakgroep, moet toesien dat die verslag van die Algemene Sinode oor homoseksualiteit by alle ringe deeglik aan die orde kom;
3.4 om ringskommissies te versoek om indien nodig spesiale ringsittings byeen te roep vir die gesprekke;
3.5 dat die SDR volmag kry om na aanleiding van die meningspeiling by individue oor die besluite van die Algemene Sinode en die gesprekke by die ringe na bevind van sake te handel.

**F.1.2 GRONDHERVORMING**

1. Die Ring van Louis Trichardt bring dit onder die sinode se aandag dat grondhervorming en die moraliteit in die uitvoering daarvan, probleme gee.
2. Die sinode verwys die saak na die SDR vir dringende aandag.

**F.1.6 PREDIKANTEVERSORGING**

**1. Verwerwing krediete**

Die sinode besluit dat in die ontwikkeling van die program vir die verwerwing van krediete vir die behoud van kompetensie as predikant daar nie net 'n klem sal wees op verdere teologiese opleiding nie,maar dat 'n holistiese benadering tot die saak gevolg sal word.

**F.1.8 TEOLOGIESE DOSENTE**

Die NGK Noordelike Sinode bedank die dosente van die NG Kerk vir die belangrike en harde werk wat hulle doen. Die sinode het kennis geneem van die werklas wat in baie gevalle verdubbel het omdat daar ook in Engels klas gegee word (vir die Presbiteriaanse Kerk se studente) en spreek sy waardering daarvoor teenoor die dosente uit.

**F.2 KERKHERENIGING**

**F.2.1 VERBINTENIS TOT KERKHERENIGING**

Die sinode vereenselwig homself weereens met die verbintenis tot kerkhereniging van die Algemene Sinode.

**F.2.2 VERBINTENIS AAN PROSES**

Die sinode versoek die ASM om 'n verbintenis tot die proses van kerkhereniging met die ander vennote te onderhandel wat deur al die betrokke leiers in die gesprek eerbiedig sal word. Die sinode stel dit onomwonde dat die voortdurende stolling van gesprekke teenproduktief vir die proses is.

**F.2.3 BELHARBELYDENIS**

1. Die sinode vereenselwig hom met die voorstel van die Algemene Sinode oor die hantering van die Belharbelydenis in die proses van kerkhereniging. Die sinode maak egter ook erns met die resultate van die meningsopname wat gedoen is onder

kerkleiers in die Noordelike Sinode en gee die resultate daarvan deur aan die ASM.
2. Die sinode versoek die Algemene Sinode dringend om sake waaroor daar in die onderskeie kerke in die kerkherenigingsproses teologiese verskille bestaan te identifiseer en ‘n prosesoor-eenkoms met die ander vennote in die gesprek te onderhandel. Die sinode spreek hom uit ten gunste van opsie 2 in die prosesooreenkoms.

**F.2.4 KERKSKEURING**
1. Die sinode vereenselwig hom met die oortuiging van die Algemene Sinode dat kerkskeuring in die gesprek oor kerkhereniging ten alle koste vermy behoort te word.
2. Die sinode roep lidmate en ander betrokkenes in die proses op om die vermyding van kerkskeuring nie as ‘n onderhandelingsinstrument in gesprekvoe-ring te gebruik nie.
3. Die sinode versoek die Algemene Sinode om prosesmatig baie ruimte te laat vir die bereiking van kompromieë in teenstelling met die onderhandeling van vaste sekerhede.

**F.2.5 MODEL VIR KERKHERENIGING**
1. Die sinode versoek die Algemene Sinode om so spoedig moontlik die voor- en nadele, sowel as die regsimplikasies vir spesifiek die behoud van eien-domme, aanspreeklikheid vir laste, beheer oor trust-fondse en die verskansing van pensioen-voordele van huidige en afgetrede leraars van al die boge-noemde modelle, sowel as ander modelle wat uit ander streke na vore kom, te ondersoek en met ‘n voorkeurproses aan die res van die kerkverband deur te gee.
2. Die sinode versoek die Algemene Sinode dat in die model vir kerkhereniging daar genoeg ruimte sal wees vir die verskillende stadiums van gereedheid waartoe die onderskeie sinodes hulleself verbind.
3. Die sinode stuur die beskrywingspunt (met motivering) van die Ring van Louis Trichardt deur na die Taakspan vir Kerkhereniging van die ASM.
4. Die sinode stuur die bevindinge van die vraelyste deur aan die Taakspan vir Kerkhereniging van die ASM as ‘n weergawe van huidige houdings en menings van 2000 kerkraadslede oor kerkhereniging in die Noordelike Sinode.
5. Die sinode keur versoeke 1-3 van die beskrywingspunt van die Ring van Louis Trichardt goed en stuur dit saam met bg besluite aan die taakspan van die ASM deur, nl:
5.1 Die Noordelike Sinode versoek die ASM om
1. die regsimplikasies vir en die regsposisie waarin die NG Kerk geplaas word binne die huidige wetgewing van die land, deur ‘n verklaring of standpunt waarin die bestaan en voortbestaan van die NG Kerk as organisasie naas die NGKA, RCA en VGK as sonde verklaar word as teen die sigbare eenheid wat die Skrif vereis, te ondersoek;
2. die inhoud en bevindinge van so ‘n ondersoek aan die sinodes, ringe en gemeentes deur te gee.
5.2 Die Nooderlike Sinode versoek die ASM om
1. die regsimplikasies vir en regsposisie van sinodes, ringe, gemeentes en lidmate ten opsigte van die ontbinding van die NG Kerk as organisasie en die stigting van ‘n nuwe kerkorganisasie binne die huidige wetgewing van die land te ondersoek;
2. die inhoud en bevindinge van hierdie ondersoek aan die sinodes, ringe, gemeentes en lidmate deur te gee.
5.3 Die Noordelike Sinode versoek die ASM om die kerkregtelike moontlikheid te ondersoek dat gemeentes en ringe van die NGK, die VGK, die RCA en die NGKA in gesamentlike meerdere vergaderinge mag konstitueer met behoud van eie kerkverband.
6. Die sinode besluit om die beskrywingspunt van die Ring van Louis Trichardt ook na die SDR te stuur vir indringende aandag.

**F.2.6 PROSES VORENTOE**
1. Die sinode ondersteun die toetsingsproses van gemeentes en ringe oor die proses van kerk-hereniging soos deur die Algemene Sinode voor-gestel.
2. Die sinode versoek ringskommissies om die toetsing van eindvoorstelle in gemeentes te begelei.
3. Die sinode aanvaar die approbasieproses soos deur die Algemene Sinide voorgestel hangende die regsmening oor die geldigheid al dan nie van die proses. Die regsmening moet duidelik uitsluitsel gee oor die regsposisie van lidmate wat na die approbasieproses steeds met die besluit verskil en aanspraak maak op die voortgang van die *status quo.*

**F.4.2 DIENSBEDIENING**
Aangesien ‘n deernisbediening in die gemeenskap deel van die wese van die Kerk se roeping is, stel die sinode dit as ideaal in die vooruitsig vir ge-meentes, ringe en die sinode om ‘n diensbediening te ontwikkel en te bedryf wat nie van die subsidie van die staat afhanklik is vir effektiewe diensle-wering en voortbestaan nie.

**F.4.4 VENNOOTSKAPPE**
Die sinode keur die beginsel van vennootskappe met ander rolspelers in gemeenskappe goed en moedig gemeentes en ringe aan om op plaaslike gebied (bv deur projek *Caring Together*) betrokke te raak by die totale gemeenskap.

**F.5 GETUIENIS**
**F.5.1 PEN-AKSIE**
Die sinode gee opdrag aan die Diensraad vir Getuienis om die moontlikheid van ‘n vennootskaplike ooreenkoms met PEN oor middestad-bediening te ondersoek.


**F.5.2 SENDING IN PORTUGAL**
Die sinode keur goed dat die sinodale diensraad die *“Akte van Ooreenkoms tussen die Igreja Reformada em Portugal en die Noordelike Sinode in verband met die stuur en ontvang van sendingpersoneel en vir ander gesamentlike ondernemings in Portugal”* goedkeur en onderteken wanneer die gewensde reaksie uit Portugal ontvang word.

Indien u oor enige saak meer inligting verlang kontak my gerus.
***Ds Leon van Heerden***

---

# GEBEDSBEDIENING

Rietfontein - Suid Gemeente:



## Dag van gebed 17 Augustus 2005

In samewerking met Moot vir Christus en veertien ander gemeentes in die omgewing, is `n dag van gebed gereël vir elke gemeente. Terugvoering van die germeente lede; deelname was vir almal dat dit `n Geestelike verryking was.

Die uur van gebed wat die wêreld verander, verander ook persone want dit is `n daad van toewyding aan God, nie net om te vra nie, maar om God te verhoog en vereer.

Ps. 115:1 " Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan U naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys".
As u belangstel is daar Riglyne vir die uur van gebed beskikbaar in die gebedskamer (langs die konsistorie). Kom haal gerus vir u daarvan en belewe die wonder om op die Here te wag.
Liefde in Christus,
Gebedsbediening